**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Aansoek nr : 4761/1998

In die aansoek van:

**JACOMINA ELIZABETH SCHEEPERS** Applikante

en

**DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD VAN**

**TRUSTEES VAN DIE SASOL PENSIOENFONDS** Eerste Respondent

**DIE SASOL PENSIOENFONDS** Tweede Respondent

**AANGEHOOR DEUR:** MALHERBE RP en VAN COPPENHAGEN R

**AANGEHOOR OP:** 11 NOVEMBER 2002

**UITSPRAAK DEUR:** VAN COPPENHAGEN R

**GELEWER OP:** 21 NOVEMBER 2002

[1] Applikante, wat as tekenaar en instrument tegnikus (meganikus) gekwalifiseer het, was tot 30 November 1995, die datum van haar ontslag by Sasol 1 (Sasol Chemiese Nywerhede) ("SCN"), in diens as instrument tegnikus.

Uit hoofde van haar diensbetrekking by SCN, was sy lid van Sasol Pensioenfonds, tweede respondent.

In die loop van haar dienstermyn het ‘n ooraktiewe skildklier as komplikasie "Graves se siekte" ontwikkel wat haar visie enigemate aangetas het.

Sy het in Oktober 1995 op grond van voormelde inkorting van visie aansoek gedoen dat sy "ongeskik" verklaar word om sodoende, indien suksesvol, ‘n pensioen gelykstaande aan 65% van haar pensioengewende besoldiging te verkry.

Dié aansoek wat deur die Raad van Trustees van die Sasol Pensioenfonds of ‘n komitee deur laasgenoemde gemagtig, dws die liggaam wat oor sodanige aansoeke moet beslis - eerste respondent - na voorlegging deur SCN op 19 Oktober 1995 oorweeg was, was egter op gemelde datum afgekeur.

Applikante, waarskynlik as gevolg van ‘n "rugprobleem", het in November 1995 weereens met die medewerking van SCN ‘n aansoek om "ongeskik" verklaar te word aan tweede respondent vir oorweging voorgelê. Hierdie aansoek was ook nie suksesvol nie, en word die redes vir die afwysing van applikante se aansoek as volg geboekstaaf:

" 2 Januarie 1996

Geagte Mev Scheepers

Aansoek om Ongeskiktheidspensioen.

Met verwysing na u aansoek om ongeskiktheidsvoordele, spyt dit ons om u mee te deel dat u aansoek, soos wat dit gedien het voor die Raad van Trustees op 27 November 1995 na deeglike oorweging van alle mediese dokumente en verslae, afgekeur is aangesien die Raad van Trustees nie van mening is dat u totaal en permanent ongeskik is om enige beroep te beoefen waarvoor u as gevolg van u opleiding, opvoeding en ondervinding redelikerwys toegerus is nie.

Die Raad van Trustees is van mening dat u visieskerpte steeds goed is en dat daar slegs onder sekere omstandighede ‘n visie probleem is. Hierdie visie stoornis sal slegs ‘n effek hê in spesifieke gevalle waar u werk visueel meer intensief is as wat dit tans is.

Die Raad van Trustees is verder van mening dat die rugprobleem wat u ondervind ‘n behandelbare toestand is en blyk dit dat u nog geen definitiewe behandeling daarvoor ondergaan het nie en dat daar ‘n redelike kans is dat dit sodanig met behandeling kan verbeter dat u nie algeheel ongeskik is soos vereis onder die reëls van die Pensioenfonds nie.

U aansoek is dus dienooreenkomstig afgekeur."

Applikante het egter nie tweede respondent se beslissing aanvaar nie, en onderhandel deur haar werknemersorganisasie se verteenwoordiger met SCN. Dié onderhandelings lei tot ‘n ooreenkoms (so was bevind deur die Hof wat getuienis ten aansien van voormelde aspek aangehoor het) in die volgende terme:

"Soos ek u reeds telefonies meegedeel het, is SCN van mening dat daar in alle opsigte billik teenoor u lid opgetree is en ontken SCN enige bewerings van viktimisasie. Verder, ten einde u lid vir die derde keer weer die voordeel te gee en billik op te tree, stem SCN toe tot ‘n verdere mediese verslag deur ‘n dokter van hul keuse, op die volgende voorwaardes:

(a) Indien die dokter aanbeveel dat sy nie medies ongeskik is nie, sal die aangeleentheid nie na die Raad van Trustees verwys word nie, en sal u kliënt die normale remedies in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge tot haar beskikking moet uitoefen indien sy sou verkies om voort te gaan met die aangeleentheid.

(b) Indien die verslag wel aanbeveel dat sy medies ongeskik is, sal dit na die Raad van Trustees verwys word. Daar is geen verpligting op die Raad om die aansoek aan te hoor of goed te keur en sal die besluit ten volle aan die Raad se diskresie oorgelaat word. U word weereens daarop gewys dat die Raad optree in terme van sy bevoegdheid onder die Trustakte van die Sasol Pensioenfonds wat ‘n totaal afsonderlike regspersoon is. Die Raad kan nie buite sy bevoegdhede optree nie en sal dit aan die Raad oorgelaat word om te besluit of hy wel by magte is om weer die aansoek aan te hoor.

SCN is in geen posisie om aan die Raad voor te skryf oor sy bevoegdhede om aansoeke aan te hoor of goed te keur nie en sal hom by die Raad se besluit berus.

(c) Die dokter sal deur SCN gekies en aangestel word en sal van alle vorige inligting rakende hierdie aangeleentheid voorsien word.

(d) SCN onderneem om die kostes verbonde aan die verslag te betaal.

Reëlings sal deur Cobus Louw van SCN getref word en met u bevestig word.

Rakende die gesprek wat ons op afgespreek het, is ek van mening dat daar geen sin daarin sou wees totdat die dokter en die Raad van Trustees se bevinding beskikbaar is nie. Indien die partye daarna nog wil vergader kan die reëlings dan getref word.

Ek verneem graag van u."

‘n Verslag soos in die ooreenkoms in die vooruitsig gestel, word deur Dr Strydom voorberei en voorgelê. Die gevolgtrekking van Dr Strydom is die volgende:

"In view of the requirements for Mrs Scheepers' occupation as an instrument technician (artisan instrumentation) and in view of her eye condition, Mrs Scheepers would be unable to do any visual intensive activities.

As good vision is required to perform the main activities of her occupation, it would be unreasonable to expect Mrs Scheepers to continue with her occupation.

With regard to her back condition, she would be unable to stand for long periods.

According to the Universal Disability Rating Scale, Mrs Scheepers would be considered to be 39% disabled to perform **another** occupation which she could reasonably be expected to perform, taking into consideration her age (38 years), qualifications (Standard 10, N4), experience and background.

She would therefore not qualify for total and permanent disability benefits for performing another occupation, in accordance with the rules of the Sasol Pension Fund.

Mrs Scheepers suffers from a permanent condition which renders her incapable of performing her own occupation. There are, however, a number of work related activities, according to the job evaluation which she could still reasonably be expected to perform.

We suggest that Mrs Scheepers continue with psychiatric treatment as suggested by Dr Van der Merwe."

Die gevolgtrekking het ooreenkomstig die ooreenkoms tussen SCN en applikante tot gevolg dat minstens sover dit SCN betref, applikante se regte op aanspraak om "ongeskik" verklaar te word finaal bygelê was.

[2] Applikante doen in hierdie verrigtinge aansoek:

"1. Dat applikante se versuim om hierdie aansoek tydig te loods, gekondoneer word.

2. Dat die besluit van eerste respondent dat applikante nie ongeskik is soos bedoel in klousule 6.2 van die statute van die SASOL PENSIOENFONDS nie, hersien en tersydegestel behoort e word.

3. Dat verklaar word dat applikante ongeskik is soos in die vooruitsig gestel in klousule 6.2 van voormelde statute en dat sy geregtig is op ‘n ongeskiktheidspensioen ooreenkomstig klousule 6.1 van die statute bereken en wel met ingang van 1 Desember 1995.

4. Dat eerste respondent, alternatiewelik tweede respondent gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal."

[3] Die gronde waarop applikante in haar aansoek steun vir die aangevraagde regshulp word in paragraaf 10 van haar funderende verklaring uiteengesit en kan opgesom word as volg:

(a) Dat eerste respondent nie behoorlik aandag aan haar aansoek gewy het nie; en

(b) Dat die verslae van die deskundiges duidelik bewys dat die applikante permanent medies ongeskik is, en tweede respondent gevolglik nie op gemelde aanslae ag geslaan het nie of dit summier verwerp het;

(c) Dat applikante nie die geleentheid gehad het om voor die komitee te verskyn en haar saak te stel nie; en

(d) Dat daar geen gegronde rede is waarom die applikante se deskundiges se weergawe verwerp moes word nie.

[4] Die beslissing van respondente wat deur applikante op hersiening geneem word, kan in konteks slegs die besluit wees wat op 27 November 1995 geneem was. Applikante verwys immers in haar steunende verklaring (paragraaf 9 daarvan) na die brief van 2 Januarie 1996 wat hierbo aangehaal is. In gemelde brief word applikante deur die sekretaris van die Raad van Trustees pertinent meegedeel dat haar aansoek wat op 27 November 1995 voor die Raad gedien het, afgekeur was.

[5] Die begrip "ongeskik" in die sin en verband waarin dit in die onderhawige aansoek ter sprake kom, word in klousule 6.2 van die tweede respondent se statute, omskryf as:

"6.2 **Ongeskiktheidsvoorwaardes:**

Vir die doel van hierdie Statute beteken `ongeskik' dat die Lid na die mening van die Raad van Trustees as gevolg van besering of siekte **totaal en permanent** verhinder word om **enige beroep** te beoefen waarvoor hy as gevolg van sy opvoeding, opleiding en ondervinding na die mening van die trustees redelikerwys toegerus is."

(My beklemtoning)

Gedeeltelike of tydelike verhindering weens besering of siekte om 'n beroep te beoefen is dus nie kwalifikasie vir "ongeskiktheid" nie en net so min is die verhindering weens siekte of besering om 'n spesifieke beroep te beoefen kwalifikasie vir ongeskiktheid.

[6] In die aansoek om ongeskikverklaring wat op 27 November 1995 voor eerste respondent gedien het, en wat die onderwerp van die onderhawige aansoek is, het verskeie mediese en ander verslae gedien.

Applikante self voer aan dat die ondergenoemde verslae onder andere oorweeg moes word.

In die verslag van Dr Grobler gedateer 27 Julie 1995 (bylaag F) word onder andere die volgende aangeteken:

"8. **Is daar enige ander aspek wat u wil toelig?** Na samesprekings met die afdelingsbestuurder en ander toesighouers, is ek van mening dat die swak werksprestasie nie slegs aan die oogprobleem of ander fisiese gesondheidsprobleme toegeskryf kan word nie. Dit is duidelik dat daar ook versteurde arbeidsverhouding is en dat emosionele en persoonlikheidsprobleme bydra tot die swak werksprestasie.

Myns insiens is hierdie ‘n geval van ‘n swak werksplasing. Mev Scheepers het ander vaardighede wat ek meen ‘n meer gunstige plasing moontlik behoort te maak.

Daar is ook ‘n sielkundige verslag bekom, wat duidelik aantoon dat mev Scheepers oor ‘n bo-normale intelligensie beskik, maar dat sy persoonlikheidsprobleme het, soos angstigheid, oorsensitiwiteit, frustrasie en moedeloosheid. In die lig van al die bydraende faktore en aangesien die oogprobleem, myns insiens, baie beroepsspesifiek is, beveel ek nie ‘n mediese ongeskiktheidspensioen aan nie."

Dr Van den Reyen meld in sy verslag, gedateer 9 Junie 1995 (bylaag B tot die steunende verklaring):

"Die aard van die werk oa in die donker en klim en beweeg oor obstruksies met die aantasting van ? oë maak ? gevaarlik ? vir die pasiënt en ook moeilik om die presisie wat die werk as instrument tegnikus vereis te bereik."

(Die handgeskrewe dokument is nie deurgaans leesbaar nie.)

Dr JI Ludeke se verslag gedateer 13 Junie 1995 (bylaag C tot die steunende verklaring) meld:

"Onmoontlik om as instrument meganikus te werk agv dubbelvisie asook enige lees en skryfwerk."

‘n Kort nota van voormelde Dr Ludeke gedateer 13 November 1995 (bylaag D tot die steunende verklaring) lees:

"Bg ly aan ‘n diskusletsel L4/5 en L5/S1.

Verder proptae beide oë agv vorige hiperteriose.

Weens voorafgaande is dit waarskynlik nie moontlik vir mev Scheepers om met

haar gewone werk aan te gaan nie."

In Dr George A Zwonnikoff se verslag gedateer 24 Oktober 1995 (bylaag G tot die steunende verklaring) word die volgende aantekening gemaak:

"**ASSESSMENT AND PROPOSED MANAGEMENT** - This lady's symptoms are related to the 2 level lumber disc degeneration, there being some degree of nerve root compression as a result of the central disc prolapse at L5/S1.

I feel that she does not require any form of surgery at present. I have suggested that she be admitted to Medi City Clinic at some stage for a course of bed-rest, physiotherapy, traction, and perhaps a spinal manipulation under anaesthetic.

She will contact me in the near future to make the necessary arrangements."

Dr Reid se konklusie in sy verslag (bylaag H van die steunende verklaring) word kortliks verwoord:

"**BEVINDING:**

Die pasiënt het tipiese tekens van hipertirease in haar oë. Sy is matig proptoties. Daar is reeds aan haar ooglede en oogspiere geopereer. Die geringe deviasie van haar oë - eksotropie - wissel minimaal van ondersoek tot ondersoek wat bewys dat die hoek nie stabiel is nie, en sekerlik beïnvloed word deur hierdie pasiënt se emosionele en fisiese toestand.

My opinie is onveranderd sedert die vorige ondersoek nl dat hierdie pasiënt ongetwyfeld nie inspannende visuele take akkuraat sal kan doen nie.

Sulke take word van haar verwag in die beroep waarvoor sy opgelei is. Ek bevind haar dus ongeskik om haar beroep, waarvoor sy opgelei is, te kan volg.

Indien hierdie pasiënt egter visueel minder intense werk doen, behoort sy dit te kan bemeester."

Blykens die verslag van Dr Oelofse gedateer 21 November 1995 (bylaag I tot die steunende verklaring) word aanbeveel as volg:

"**<u>AANBEVELING:</u>**

Ek glo dat op grond van hierdie pasiënt se baie duidelike patologie, dit vir haar onmoontlik is om enigsins haar vorige werk as Instrument Meganikus of die ander moontlikheid as Tekenaar te werk ooit weer sal beoefen. Ek wil dus aanbeveel dat sy as totaal en permanent ongeskik verklaar word om enige werk te doen."

Dr Cummings se verslag gedateer 14 November 1995 (bylaag J tot applikante se steunende verklaring) se opinie word as volg verwoord:

"**<u>Opinie:</u>**

Hierdie pasiënt sal nie kan werk doen wat visueel vereisend is nie en indien die werkplek ongunstig is, dan gaan dit nog meer gevaarlik wees vir haar om te werk.

Sy is nie baie gretig om chirurgie te ondergaan nie en ek dink nie daar is iemand wie vir haar resultaat in elk geval gaan kan waarborg nie, waar sy ook nie in sekere rigtings van blik na die operasie dubbel gaan sien nie.

Op hierdie stadium is ‘n operasie definitief nie noodsaaklik nie, omdat haar oë nie bedreig word deur die siekte nie.

Indien sy egter ‘n minder visueel intense werk sou kon doen, behoort sy dit te kon bemeester waar sy alternerend een oog kon bedek."

[7] Uit voormelde is dit minstens duidelik dat daar geen konsensus was sodat dit onomwonde as feit gestel kon word dat applikante weens besering of siekte "totaal" verhinder word om "enige beroep" waarvoor sy opgevoed, opgelei en ondervinding in opgedoen het, te beoefen nie.

[8] Die uitspraak moet op hierdie stadium onderbreek word om ‘n aspek uit te lig.

In applikante se funderende verklaring word na verslae van medici, wat volgens haar voor respondente moes dien, verwys. Daardie verslae heg sy dan ook aan en bou tot ‘n groot mate haar saak op daardie verslae. In die voorafgaande paragraaf (paragraaf 6) is na sommige van daardie verslae verwys en na dele van die inhoud daarvan.

Applikante heg ook verslae van Dr George A Zwonnikoff gedateer 30 Oktober 1995 (bylaag E tot die funderende verklaring), gedateer 18.12.1995 (bylaag F tot die funderende verklaring), gedateer 29 Julie 1996 en gedateer 11 Desember 1995, aan.

Die verslae met datum na 27 November 1995 kan, anders as wat applikante voorgee, nie ter oorweging gedien het nie; gewoon omdat applikante se aansoek op daardie datum die eerste respondent gedien het en die verslae dus nog nie kon bestaan het nie.

Die verslag van Dr George A Zwonnikoff wat voorgee gedateer te wees op 30 Oktober 1995 (bylaag E tot die funderende verklaring) kan nie op gemelde datum aan eerste respondent voorgelê gewees het nie, en wel omdat in die verslag verwys word na ‘n opvolgondersoek op 8 Desember 1995 wat nie slegs later was as wat die verslag was nie, maar ook later was as die datum waarop tweede respondent applikant se aansoek op 27 November 1995 aangehoor het.

[9] Die besluit van eerste respondent kan in die hof aangeveg word slegs op wat algemeen as "hersieningsgronde" bekend staan. Daardie gronde word in **JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE AND ANOTHER v WITWATERSRAND NIGEL LTD AND ANOTHER** 1988(3) SA 132 (A) deur Corbett AR (soos hy toe nog was) te p 152A -E beklemtoon:

"Broadly, in order to establish review grounds it must be shown that the president failed to apply his mind to the relevant issues in accordance with the `behests of the statute and the tenets of natural justice’ (see **NATIONAL TRANSPORT COMMISSION AND ANOTHER v CHETTY’S MOTOR TRANSPORT (PTY) LTD** 1972(3) SA 726 (A) at 735F-G; **JOHANNESBURG LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD AND OTHERS v DAVID MORTON TRANSPORT (PTY) LTD** 1976(1) SA 887 (A) at 895B-C; **THERON EN ANDERE v RING VAN**

**WELLINGTON VAN DIE NG SENDINGKERK IN SUID-AFRIKA EN ANDERE** 1976(2) SA 1 (A) at 14F-G). Such failure may be shown by proof, *inter alia*, that the decision was arrived at arbitrarily or capriciously or *mala fide* or as a result of unwarranted adherence to a fixed principle or in order to further an ulterior or improper purpose; or that the president misconceived the nature of the discretion conferred upon him and took into account irrelevant considerations or ignored relevant ones; or that the decision of the president was so grossly unreasonable as to warrant the inference that he had failed to apply his mind to the matter in the manner aforesaid. (See cases cited above; and **NORTHWEST TOWNSHIPS (PTY) LTD v ADMINISTRATOR, TRANSVAAL, AND ANOTHER** 1975(4) SA 1 (T) at 8D-G; **GOLDBERG AND OTHERS v MINISTER OF PRISONS AND OTHERS** (*supra* at 48D-H); **SULIMAN AND OTHERS v MINISTER OF COMMUNITY DEVELOPMENT** 1981(1) SA 1108 (A) at 1123A.) Some of these grounds tend to overlap."

[10] Adv Daffue, namens applikante, gekonfronteer met die mediese verslae hierbo na verwys, moes tereg toegee dat ‘n gevolgtrekking dat applikante op 27 November 1995 "nie totaal en permanent ongeskik vir enige beroep waarvoor sy as gevolg van haar opleiding, opvoeding en ondervinding toegerus was te beoefen nie" wel houdbaar was.

Die houdbaarheid van gemelde gevolgtrekking so pas uiteengesit, trek die figuurlike streep deur applikante se stellings dat tweede respondent nie behoorlike aandag aan haar aansoek gewy het nie, nie ag geslaan het op die mediese verslae nie, en sonder redes haar deskundiges se weergawes verwerp het.

[11] Die enigste oorblywende hersieningsgrond volgens applikante se funderende eedsverklaring, is dat tweede respondent haar nie versoek het of die geleentheid gebied het om persoonlik haar kant van die saak te stel nie.

Applikante beweer nie dat sy versoek het om persoonlik voor eerste respondent te verskyn nie en nog minder beweer sy dat sy kontraktueel so ‘n reg gehad het.

Tydens argument is nie na voormelde hersieningsgrond verwys nie. In die betoogshoofde is sonder om ‘n spesifieke submissie te maak, bloot verwys na **FOSTER v CHAIRMAN, COMMISSION FOR ADMINISTRATION, AND ANOTHER** 1991(4) SA 403 (K) te 410.

Die feite en omstandighede in voormelde saak verskil hemelsbreed van dié in die onderhawige. In gemelde saak was in die regulasies van die forum wat die ondersoek gedoen het spesifiek en uitdruklik bepaal dat die bewerings wat voor die forum dien, weerlê kon word, dat die persoon die geleentheid gebied moet word om te getuig en dan natuurlik wat daaruit voortvloei, dat alle inligting waaroor die forum beskik het aan die persoon beskikbaar gestel moet word.

In die onderhawige word geeneen van voormelde regte voorgeskryf nie.

Aan applikante was die volle geleentheid gegee om alle inligting aan tweede respondent voor te lê; trouens nadat haar eerste aansoek in Oktober 1995 afgekeur was, was sy weer 'n verdere geleentheid gebied om sou sy so verkies, verdere inligting voor te lê, in 'n nuwe aansoek. Sy het die geleentheid om 'n nuwe aansoek in te dien wel benut.

In voormelde omstandighede, kan myns insiens, nie deur applikante met enige oortuiging aangevoer word dat die feit dat sy nie uitgenooi was om voor eerste respondent te verskyn, die optrede van tweede respondent vernietigbaar maak nie.

[12] Koste behoort die resultaat te volg.

[13] Die volgende bevel word gemaak:

Die aansoek word afgewys. Applikante die koste te betaal.

**G VAN COPPENHAGEN, R**

**EK STEM SAAM:**

---

**JP MALHERBE, RP**

**Namens Applikante : Adv JP Daffue Iov Hill, McHardy & Herbst Ing**

**Namens Respondente : Adv GC Pretorius, SC Iov Naudes**